RAADSBELEID

ONDERWERP : TOEGANGSBEHEER OOR PATROLLIES : DIE EILAND VAKANSIEOORD

VERWYSING : 17.7.3.1.1.1 & 17.12.3

BESLUIT NR : 16.5/03/2003 DATUM : 31 Maart 2003

BELEIDSOOGMERK : Om ‘n veilige verblyfplek vir die besoekers op die Eiland Vakansieoord te verseker.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Die Raad erken sy verantwoordelikheid om aan besoekers by die Eiland Vakansieoord ˈn veilige omgewing te verseker.

RIGLYNE
Dat, vir doeleindes van sigbare polisiëringspatrollies by Die Eiland Vakansieoord, slegs SA Polisiedienste patrollievoertuie en die amptelike voertuie van die Sekuriteitsafdeling, toegelaat word, met dien verstande:

1. Dat die Bestuuder : Oorde die bevoegdheid het om onder die bepaalde omstandighede wat hieronder in paragraaf 1.1 en 1.2 beskryf word en vir 'n bepaalde tydperk ander reëlings te tref:

   1.1 Dat, waar die oorwig van gaste, lede van 'n bepaalde vertakking van die veiligheidsmagte is (byvoorbeeld as die weermag 'n byeenkoms vir weermaglede by 'n oord sou hou) sal sigbare polisiëring deur Militêre Polisie ook toelaatbaar wees.

   1.2 Dat die SA Polisie tydelik bygestaan, aangevul of vervang word deur enige ander vertakking van die veiligheidsmagte waar spesifieke omstandighede dit sou verg.

2. Dat die reëling waarna paragraaf 1 verwys, onderworpe is aan enige wetlike magte waaroor Wetstoepassers onder bepaalde omstandighede mag beskik, met dien verstande verder dat die Raad 'n skriftelike verduideliking mag aanvra waar sodanige magte uitgeoefen is, indien dit sou blyk dat die frekwensie van patrollies onaanvaarbaar hoog is en op misbruik dui.

3. Dat, ten opsigte van lede van gespesialiseerde eenhede van die SA Polisiediens, slegs aanmelding en identifikasie van sodanige lede verlang word om vir amptelike doeleindes toegang tot enige oorde van die Raad te verkry en dat sodanige eenhede na eie diskresie nie nodig het om besonderhede van vertroulike operasies/werksaamhede aan die Bestuurder : Oorde of sy gevolmagtigde te verstrek nie.

ROLLE
Bestuurder : Oorde.
Die Sekuriteitsafdeling.
Direkteur Korporatiewe Dienste.

VERWANTE BELEID
Geen.

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in die verband herroep word.